

Graf of oond
Kremasie (verassing)
teenoor begrafnis!

Lykverbranding beoordeel.....

Voorwoord:

As kerkraad van die Gereformeerde kerk Pretoria (dolerend) is daar reeds geruime tyd kennis gegee en beskrywingspunte aangebied wat die standpunt van hierdie kerkraad teen die praktyk van kremasie baie duidelik uitspel. U sal as bylaag in hierdie inligtingstuk dan ook die bewyse vind hoe die kerkraad nog weereens in 2005 hierdie saak op die meerdere vergaderings laat dien het dat daar duidelike standpunt teen die praktyk van kremasie (verassing) moet dien.

In die jongste verlede (middel Mei 2010) het die kerkraad sy standpunt weereens herbevestig dat hierdie standpunte teen kremasie toegepas sal word **dat geen van die predikante verbonde aan Gereformeerde kerk Pretoria (dolerend) betrokke sal wees en verplig kan word om ooreenkomstig Artikel 65 Kerkorde 'n diens te lei waar daar ook van kremasie (verassing) gebruik gemaak sal word nie.** Ons as predikante het met volle instemming van die besluit van die kerkraad ons daarby gevoeg.

Die twee sinodebesluite waarmee hierdie inligtingstuk ten volle mee vereenselwig staan is besluite wat reeds in 1933 en 1952 geneem was en wat in ons tyd op geen wyse kon verander nie. Neem aub kennis van hierdie besluite en om die saak in sy volle diepte te hanteer het ons met erkenning van dr. G. Meijer en ds. A. Lindhout se werk in die verband hulle studies hierby aangeheg. U sal in die nabye toekoms die werk van dr. ALA Buys ook hieromtrent kan raadpleeg. Sy studie sal DV later in die Krugertjie aangebied word.

Die Sinodebesluite waarvan melding gemaak word staan dan as volg:

Die Sinode het oor die toenemende gebruik van lykverbranding in ons land besluit:

Die Sinode merk met leedwese op dat lykverbranding toeneem en is van oortuiging dat dit nie moet nagevolg word deur ons lidmate nie en wil daarteen waarsku omdat dit van heidense oorsprong is en in stryd is met die eeue-oue gebruik van begrafnis soos dit voorkom in die Ou en Nuwe Testament.

Verder kan die Christelike kerk hom nie met lykverbranding verenig nie, want met die skynargument dat dit om gesondheidsredes gedoen word, skuil agter lykverbranding 'n materialistiese wêreldbeskouing. Vir die Christen met sy geloof aan die opstanding het die begrafnis die simboliese betekenis dat die liggaam aan die aarde toevertrou word as 'n graankorrel wat eers sterf om later heerliker te voorskyn te kom (Acta 1933:117 en 122; vgl. ook Acta 1952:208, pt 1 en 1952: 216, pt.1).

Ds Petrus Venter (Winter 2010)

Graf of oond?

Die vraagstuk van verassing

Dr. GJ Meijer VDM

Heelwat Christene dink dat verassing en begrafnis om't ewe is - jy kan kies wat jy wil. Begrafnisondernemers ondersteun hierdie gedagte (sien Doves se *Q&A about cremation* vraag 1). Hulle propageer selfs verassing bo begrafnis (sien Doves se *Q&A about cremation* vraag 27). Daar leef talle vrae in die gemoed van christene rondom die saak: is dit eties reg? Wat sê die Here?

Dit is 'n probleem as die vraag eers aangespreek moet word wanneer iemand pas oorlede is. Naasbestaendes is dan emosioneel en meestal nie in staat om die saak rasioneel te oorweeg nie. Die oogmerk met hierdie gespreksdokument is om nie net oor verassing duidelikheid te kry nie, maar ook oor begrawe. Wat beveel God hieroor?

1. Historiese oorsig

1.1 Begrawe

- Uit die geskiedenis van talle antieke volke blyk dat mense begrawe is.
- Wyse van begrafnis verskil van volk tot volk, kultuur tot kultuur, plek tot plek, omstandigheid tot omstandigheid: steengrafte, ysgrafte, boomgrafte, klip-stapelings, regop begrawe.
- By heidene is daar talle bygelowe rondom begrafnis (piramides in Egipte, swart volke in Afrika, geweer- en kanonskote by militêre begrafnisse – GKSA Nasionale Sinode Acta 1964 p 83).
- Volk Israel ken vanaf vroegste tye begrafnis (Genesis 23 - Abraham koop 'n graf vir Sara).

1.2 Verassing

- Lykverbranding is 'n ou gebruik in die menslike geskiedenis. Primitiewe volke en stamme, ook in **Kanaän**, het die gebruik reeds geken en beoefen.
- Onder die **Brahmane en Boeddhistes** in Indië was en is dit 'n eeue-oue gebruik wat met sekere godsdienstige rituele gepaard gaan. In die Ooste word lykverbranding gesien as 'n deurgang na 'n ander staat van die lewe. Vuur, lug en grond word beskou as die basiese elemente van die lewe, waarheen terugkeer word.
- Die **ou Germane** het geglo dat demone nie na 'n verbrande mens se huis sou terugkeer nie. Die angsmotief by hulle wat nog in lewe was, het 'n duidelike rol gespeel. Daar is só radikaal van die dooies ontslae geraak dat hulle vir die naasbestaendes geen gevaar meer kon inhou nie.
- In **Griekeland** bestaan die metode van lykverbranding vir baie eeue. Die Trojaanse oorlog het aanleiding tot lykverbranding gegee, aangesien die talle lyke op die slagveld 'n gesondheidsrisiko ingehou het. Buitendien het onder invloed van sekere wysgerige strominge en skole die gedagte bestaan dat totale vernietiging van die liggaam 'n meer volkome bevryding van die siel veroorsaak. Volgens die leer van Plato, 'n geleerde filosoof, is die liggaam as minderwaardig beskou. Die liggaam is gesien as 'n tronk van die siel. Die liggaam kan maar heeltemal verbrand word, aangesien die eintlike deel van die mens die sogenaamde onsterflike siel is.

- Die **Romeine** ken lykverbranding sedert die dae van die keisers (tot 510 vC). In die Romeinse ryk kon slegs die ryk Romeine hulleself laat verbrand omdat die koste daaraan verbonde hoog was. Selfmoordenaars en babas is nie verbrand nie, aangesien dit die gode ongunstig sou maak.
- Tot die dae van Karel die Grote was hierdie gebruik ook in **Europa** in swang, terwyl 'n groot aantal volke lykverbranding tot kort voor die Hervorming van die 16de eeu gehandhaaf het.
- Die **Christendom** daarenteen wou van die begin af nie van lykverbranding weet nie. In die middel-eeue het die Rooms Katolieke Kerk verbranding gereserveer vir hekse, kettters en sekere protestante wat hulle as afvalliges beskou het.
- Van die begin van die 17de eeu ontstaan 'n kragtige herlewing van die ou, heidense kremasie-gebruike. Na die Franse rewolusie in 1795 kom dit algemeen voor.
 - In 1628 het daar in **Engeland** van die hand van Sir Thomas Brown 'n boek oor lykverbranding verskyn onder die titel *Hydriotaphia or Urnburial*. Hierdie boek is in 1817 gevolg deur 'n boek van die hand van 'n sekere dr. Jameson, getitel *The Origin of Cremation*. Hierná het die gebruik van lykverbranding 'n sterk voorstander gekry in die persoon van dr. Lord van Hampstead waarna sir H. Thompson in 1874 die *Cremation Society of London* gestig het.
 - Gedurende die jare 1864-1874 het lykverbranding in **Italië** begin veld wen.
 - As gevolg van die Frans-Duitse Oorlog (1870) het hierdie kwessie ook in **Switserland** sterk aandag gekry.
 - **Nederland** het in 1875 'n vereniging opgerig met as doel die bevordering en uitvoering van lykverbranding. In 1907 is die eerste krematorium in Nederland gebou, maar dit het nog tot 1914 geduur voordat dit die eerste keer gebruik is. Om aan die steeds toenemende vraag na lykverbranding te kan voldoen, moes daar voor 1990 nog 31 krematoriums bygebou word. Dit is voorsien dat daar teen 1990 50% van alle oorledenes verbrand word. Verder is dit opvallend dat die toenemende vraag na lykverbranding hand aan hand gaan met 'n toename van heidense gebruike tydens die verbrandingsplegtigheid. Die aanwesiges kan byvoorbeeld kies uit 'n breë verskeidenheid musiek op elke gebied. Naas Psalms is daar klassieke en moderne musiek beskikbaar, terwyl die sogenaamde Negro-Spirituals en Evangelie-liedere 'n veel-gevraagde begeleiding by lykverbranding is. Maar dit is nie al nie. Dit gebeur meermale dat ouers 'n kind laat verbrand terwyl 'n populêre liedjie van die Beatles of 'n ander popgroep gespeel word. In **Duitsland** het Heintje met sy liedjies die krematoriums verower.
 - In **Rusland** is die eerste krematorium in 1928 opgerig. 'n Hoof regeringsamptenaar het in sy openingsrede by die ingebruikneming van 'n krematorium onder andere gesê dat 'n krematorium opgerig is as 'n nuwe protes teen die Christelike godsdiens. Verder het hy in sy toespraak die Russiese volk aangemoedig om hulle dooies te laat verbrand as 'n duidelike bewys dat hulle gebreek het met die Christelike geloof aan die opstanding van die dode.
 - In **Suid-Afrika** is die eerste krematorium in 1918 op inisiatief van die Hindoes in Johannesburg opgerig. Blankes het ook toestemming verkry om dit te gebruik. Gedurende die jare na 1918 is krematoriums opgerig in verskillende belangrike sentrums van ons land sodat hulle tans ook aangetref word in alle groot stede.

2. Motiewe vir verassing

Daar is talle motiewe wat ten gunste van verassing aangevoer word.
Enkele hoofsaake word weergegee:

- **Finansieel**
 - Lykverbranding is op die kort en lang termyn goedkoper as 'n begrafnis.
 - Dit kos baie geld om 'n begraafplaas in stand te hou.

- **Higiënies**
 - Die aarde, veral die ondergrondse water, word deur so 'n groot getal lyke vergiftig.
 - Daarteenoor: As jou as oor die aarde verstrooi word, dra jy by tot die vrugbaarheid en die groei van die plantewêreld, omdat jou liggaam saamgestel is uit dieselfde elemente wat in die aarde aangetref word.

- **Omgewing/Stadsbeplanning**
 - Met die groot getal mense wat sterf gaan daar te min ruimte wees om almal te begrawe. Dit is reeds 'n werklikheid in wêreldstede soos Tokio en Berlyn.
 - Elke graf neem die plek in van grond wat vir landboudoeleindes gebruik kan word. In verband met die toenemende wêreldbevolking en die voedseltekorte wat daarmee saamgaan, is dit onverantwoordelik om so baie grond vir begraafplase te reserveer.

- **Emosioneel**
 - Sommige meen dat hulle hulle liggaam wat as gevolg van siekte (soos kanker) ingee, wil verbrand na afsterwe, sodat die lelke letsels kan wegbrand.
 - Sommige vrees vir die gevaar dat jy lewendig begrawe word - verassing is dan beter.
 - Die Bybel sê daar is wurms wat jou in die graf vreet, die liggaam ontbind in die grond - dit is afskuwelik om daaraan te dink.
 - Sommige vind die daad van begrawe - as die kluite op die kis val - te emosioneel, en verkies dat daar 'n verassing plaasvind waarby die naasbestaendes nie betrokke hoef te wees nie.
 - Sommige naasbestaendes hou van die idee om die as op 'n plek te gaan strooi wat vir die een wat gesterf het van belang was, of om die as in 'n gedenkmuur of êrens in die huis te bewaar.

- **Geloofsoortuiging**
 - Lykverbranding is die mees direkte en vinnige verwesenliking van Genesis 3:19 - Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer (talle plekke in Skrif praat van stof - oa Psalms, Prediker).
 - Feniks-sage na aanleiding van Job 29:18 - OAV 'So het ek dan gedink: By my nes sal ek die asem uitblaas, en soos die feniks my dae vermenigvuldig'. NAV 'ek sal eendag sonder sorg sterf in my eie huis; my lewensdae sal meer wees as wat daar sand is'. Feniks = mitiese voël wat voel dat sy lewenseinde nader. Hy gebruik sy laaste krag om na die heuwels van Heliopolis, die sonstad, te kom. Hy versamel dooie takke en maak 'n brandstapel bymekaar. Sy plan is om deur verassing 'n wedergeboorte vir homself voor te berei. Terwyl hy daarmee besig is, verskyn Apollo en skiet 'n vlammeende pyl af. Apollo verklaar aan die Feniks: Word deur vuur van jou ouderdom verlos en vlieg weg in 'n mooier gestalte. Die pyl tref en vervul die Feniks met

stralende vreugde. Uit 'n vlammegebed styg hy soos 'n jong, nuwe voël, die blou lug in. Hy staan letterlik uit sy eie as op en leef in 'n nuwe gedaante verder. By hierdie sage sluit Jesus se kruiswoord aan wat Hy tot die moordenaar, wat dieselfde dag nog verbrand gaan word, spreek: 'Vandag sal jy saam met My in die paradys wees', asook Paulus se Opstandingslied in 1 Korintiërs 15. Die vuur van die Gees wat op Pinkster sigbaar is, bevestig die nuwe lewe wat uit die as opstaan. Slotsom: verassing is 'n moet!

- Ander motiewe
 - Ondeurdagtheid: nog nooit gedink of verassing reg of verkeerd is nie.
 - Pragmatisme: wat werk die beste, vinnigste, maklikste.
 - Veiligheid: begraaftplase het gevaarlik geword (vandalisme, satanisme); dit is veiliger om by 'n kerkerrein of monument (soos die Voortrekkermonument) 'n gedenkmuur te hê.
 - Logika: Na 'n bepaalde tyd word ou grafte opgeruim. Die menslike reste wat dan nog aanwesig is, word bymekaargemaak en in 'n gemeenskaplike gat gegooi of verbrand. Aangesien verbranding in die meeste gevalle tog die uiteindelijke resultaat is, is dit baie beter om liever kort pad na die verbranding, deur middel van lykverbranding, te neem.

3. Hoor wat die Gees aan die Gemeentes sê

3.1 Die Skrif oor verassing

In die Skrif word daar uitdruklik oor lykverbranding gepraat. 'n Paar voorbeelde:

- In die volgende drie gevalle is verbranding 'n ernstige verswaring van die doodstraf. Die meeste uitleggers stem ooreen dat hierdie mense nie deur vuur om die lewe gebring is nie. Hulle is waarskynlik gestenig. Daarna is hulle lyke verbrand.
 - Levitikus 20:14 - "En as 'n man 'n vrou en haar moeder neem, is dit 'n skandelike daad; hulle moet hom en die twee met vuur verbrand: daar mag geen bloedskaande onder julle wees nie".
 - Levitikus 21:9 - "En as die dogter van 'n priester haar ontheilig om te hoereer, ontheilig sy haar vader; met vuur moet sy verbrand word".
 - Josua 7:25 - "En Josua het gesê. Hoe het jy (Agan) ons in die ongeluk gestort. Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort. Daarop het die hele Israel hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi".
- 1 Samuel 31:12 " ... en hulle het die lyk van Saul en die lyke van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal en by Jabes gekom en hulle daar verbrand". Vir hierdie handelwyse het waarskynlik 'n goeie rede bestaan, naamlik om te voorkom dat die lyke nog verder deur die Filistyne vermink sou word.
- Amos 6: 10 "En wanneer iemand se bloedverwant, die een wat hom wil verbrand, hom optel om die bene uit die huis te verwyder...".
 - Hier is sprake van lykverbranding wat ook met 'n besondere doel plaasvind. Amos 6 is oordeelsprediking oor die Tienstammeryk. Daar word geprofeteer oor 'n stad wat beleër word (waarskynlik Samaria). Die aantal lyke sal oorweldigend groot wees. Dit is onmoontlik om die lyke te begrawe, aangesien die begraafplaas buite die stad geleë is en vanweë die beleëring nie bereik kon word nie. Hieruit mag ons aflei dat

lykverbranding in die omstandighede 'n noodsaak geword het om die uitbreek van aansteeklike siektes te voorkom.

- ❖ Sowel in 1 Samuel 31:12 as Amos 6: 10 het ons dus met uitsonderlike gevalle te doen. Behalwe direkte uitsprake oor lykverbranding, is daar ander Skrifgegewens wat in gedagte gehou moet word. Vuur en brand is deurgaans teken van die bediening van God se regverdige toorn oor sonde en heilige oordeel.
 - *Sodom en Gomorra*: Die Dooie See was voorheen 'n vrugbare vallei waar die twee stede Sodom en Gomorra geleë was. God se toorn oor die sonde van die twee stede was so groot dat God vuur en swael uit die hemel laat reën het, sodat daar vandag nog niks kan groei nie (Genesis 18 en 19).
 - *Die banvloek*: In die Ou Testament het die Here beveel dat sy kerk, Israel, wanneer hulle die beloofde land binnegaan, die heidene se eiendom aan die Here moet offer deur dit met vuur te verbrand. Dit is die banvloek genoem. Die banvloek het twee betekenis gehad: God het daardeur sy toorn oor die heidene se afgodspraktyke tasbaar gewys; God het aan sy verbondsvolk gewys dat Hy eers die land vir hulle skoonbrand sodat hulle nie verlei word om die heidene se praktyke oor te neem nie (Josua 7:15).
 - *Korag, Datan en Abiram*: Die Here was so toornig op hierdie drie manne, wat saam met die 250 ander mans die Ou Testamentiese kerk Israel verlei het om onheilig voor Hom op te tree, dat Hy hulle deur die aarde laat insluk het en die 250 met vuur verteer het (Numeri 16:35).
 - *Brandoffers*: By die brandoffer, waar die kerk van die Ou Testament diere moes verbrand vir hulle sonde en skuld voor God, moes die diere se karkasse heeltemal verbrand word. Die altaarvuur moes deeglik brand sodat daar niks mag oorbly nie. In die Ou Testament is die offerdiere wat vir die sonde geoffer is, in afwagting van die koms van Christus, buitekant die laer verbrand as teken van God se toorn oor die sonde van die mens . . ('Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om van te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word - hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely' - Hebreërs 13:10-12).
 - *Afgodsdienaars*: koning Jerobeam het Israel sodanig teen die Here laat sondig dat 'n profeet teen die altaar uitgeroep het dat mensebene, as straf van God, op die altaar verbrand sal word. Dit het die regverdige koning Josia dan ook etlike jare later gedoen (1 Konings 13:1-2 en 2 Konings 23:16).
 - *Die aarde brand*: God maak ook bekend dat Hy die hele aarde met vuur sal verbrand (2 Petrus 3). Dit is 'n vuur wat verbrand én skoonbrand.
 - *Hel*: Die woord 'hel' kom van die Hebreeuse woord 'Gehanna' (hades in Grieks), waar die brandende, smeulende, stinkende ashoop buite Jerusalem mee beskryf is. Daar is die vullis maar ook die karkasse van diere en die lyke van moordenaars verbrand. Dit is 'n vuur wat gedurig brandend was. Die beeld is gebruik om God se toorn aan te dui waar Hy iemand in die hel met sy haat brand vanweë die sonde (Openbaring 20:14-15).

Slotsom: Lykverbranding is deurgaans teken van verbondsoordeel, verswaring van die doodstraf.

3.2 Die Skrif oor begrawe

Ou Testament

- In Israel was lykverbranding bekend, maar die dooies is begrawe. Dit kom in talryke Skrifplekke duidelik na vore. Abraham, Isak en Jakob, die vroue van die aartsvaders, Josef ens. word almal begrawe.
- Die begrafnis van geliefdes vind in die Ou Testament plaas as 'n bewys van besondere piëteit. Let op die besondere sorg wat Abraham aan die begrafnis van sy vrou Sara bestee het. Hy was selfs bereid om vir die spelonk waarin sy begrawe is 'n buitensporige hoë prys te betaal.
- Aan familiegrafte is in Israel baie waarde geheg. In Genesis 49:29-31, gee Jakob te kenne dat hy op dieselfde plek as sy stamvaders en stammoeders begrawe wil word. In dieselfde lyn lê die geval van Josef wat ten spyte van sy hoë posisie aan die Egiptiese hof tog in die land van sy vaders begrawe wou word.
- God beveel begrafnis (Deuteronomium 21:22-23). Selfs iemand wat die doodstraf gekry het, moet begrawe word aangesien die land, wat as die erfenis deur God gegee is, nie verontreinig mag word nie.
- Die Here begrawe Self vir Moses (Deuteronomium 34:5-6). Uit Judas vers 9 word dit duidelik dat die bewaring van Moses se liggaam vir God belangrik is. Die feit dat God self vir Moses begrawe en die Satan keer om sy liggaam op te eis, beteken dat die dooie liggaam van 'n gelowige vir die Here belangrik is. Sy belofte van herstel is ook aan die liggaam van 'n gelowige verbind.
- Dwarsdeur die Ou Testamentiese geskiedenis is daar van grafte en begrafnisse sprake, bv. 2 Konings 9:28, Job 5:26, Psalm 88:5, Jesaja 53:9.

Nuwe Testament

- Matteus 26:12 - "Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis".
- Markus 6:29 - "En toe sy dissipels dit hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en dit in 'n graf neergelê".
- Lukas 16:23 - "En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe".
- Johannes 5:28 - "Moenie julle hieroor verwonder nie, want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor...".
- Johannes 11:17 - "Toe Jesus dan gekom het, het Hy gevind dat hy (Lasarus) al vier dae in die graf was". By hierdie groot wonder is dit besonder opvallend dat die opstanding van Lasarus soos Johannes dit beskrywe nooit sou kon plaasgevind het as die lyk van Lasarus verbrand sou gewees het nie. Lasarus het uit die graf uitgekom presies soos wat hy vier dae tevore ingegaan het. Daar was geen verskil nie. Selfs die grafdoeke was ongeskonde.
- Johannes 19 - Christus se begrafnis. Niemand sal ontken dat Jesus se opstanding moontlik sou gewees het as hulle sy liggaam direk na sy dood sou verbrand het nie, want by God is alle dinge moontlik. Maar in die geval van verbranding sou sy opstanding nie plaasgevind het soos wat dit op Paasmôre gebeur het nie. Uit Johannes 20:20 en 25-29 blyk duidelik die ongeskonde identiteit van Jesus voor en na sy opstanding. Daar kan geen twyfel wees nie. Die Jesus wat opgestaan het, is presies dieselfde Jesus as wat 'n paar dae vroeër begrawe is.
- Handeling 2:29 – "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe".

- Handeling 5:6 - "Daarna het die jongmanne opgestaan en hom (Ananias) toegedraai en uitgedra en begrawe".
- Handeling 5:10 - "Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar (Saffira) dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe".
- Handeling 7:16 – "En hulle is oorgebring na Sigem en weggelê in die graf wat Abraham vir 'n som geld gekoop het van die seuns van Hemor, die vader van Sigem.
- Handeling 8:2 - "En godvresende manne het Stefanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe".
- 1 Korintiërs 15 - Die korrel sterf in die grond sodat dit nuwe lewe kan gee aan die plant wat daaruit ontkiem. Die een kom uit die ander een voort. So is dit ook met die dooies. Die graf is vir die gelowige nie slegs die plek waar die vertering van die liggaam plaasvind nie, maar die plek waar die liggaam gesaai word in oneer, om op God se tyd - as die basuine van die jongste dag weerklink - in heerlijkheid opgewek te word. Paulus gaan met sy beeld van die koringkorrel duidelik uit van die begrafnis en nie van die lykverbranding nie. Soos die koringkorrel in die aarde gelê word, so word ook die liggaam van 'n oorledene in die aarde gelê. En soos wat die koringkorrel in die aarde vergaan, so vergaan ook die liggaam van 'n oorledene. Maar dan ook: soos wat daar uit die koringkorrel wat vergaan het nuwe koringaar voortkom omdat die sterwende korrel die kiem van die lewe in hom dra, so kom daar uit die dooie liggaam wat vergaan 'n nuwe liggaam voort, omdat die gestorwe liggaam die kiem van die nuwe lewe in hom dra.

Hoe moet ons die Skrifgegewens toepas?

- In verband met die vraag na die normatiewe van die Nuwe-Testamentiese gegewens blyk eers dat die Nuwe Testament 'n stap verder gaan as die Ou Testament. In die Ou Testament is slegs sprake van begrawe. In die Nuwe Testament is sprake van begrawe én opstanding. Opvallend: lykverbranding en opstanding word nie aanmekaar gekoppel nie, maar begrafnis en opstanding wel.
- Vind ons in die Skrif in verband met die begrafnis 'n gebruik wat iets *be-skrif* of *voorskrif*? Met ander woorde gee die Ou en Nuwe Testament maar net 'n beskrywing van 'n gebruik of is dit die bedoeling dat hierdie gebruik nagevolg moet word omdat begrafnis 'n voorskrif is? Wat die begrafnis betref gaan dit in die Skrif nie slegs oor die mededeling van 'n kultuurgewoonte nie. Uit die hele lyn van bevels, gebeure en handeling word dit duidelik dat 'n *norm* neergelê word. Moses word nie deur God Self begrawe met die gedagte dat ons met ons oorledenes kan doen wat ons wil nie. Die liggaam van Jesus Christus word nie in 'n graf weggelê sodat óns oond toe kan gaan nie.

3.3 Die Skrif oor nie-begrawe

Daar is in die Skrif ook enkele gevalle waarin nóg van begrawe nóg van lykverbranding sprake is. 'n Paar voorbeelde:

- 1 Samuel 17:44 - "Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee".
- 1 Samuel 17:46 - "Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het".

- 2 Konings 9:10. "En die honde sal Isébel eet op die dorpsgebied van Jisreël, en daar sal niemand wees wat haar begrawe nie."
- Ps. 79:1-3. "'n Psalm van Asaf. O God, heidene het gekom in u erfdeel, hulle het u heilige tempel verontreinig, Jerusalem tot puinhoop gemaak. Hulle het die lyke van u knegte aan die voëls van die hemel tot spys gegee, die vlees van u gunsgenote aan die wilde diere van die land. Hulle het hulle bloed rondom Jerusalem soos water uitgegiet sonder dat iemand hulle begrawe".
- Openbaring 11:8 - 'hulle (die getroue profete se) lyke sal lê op die strate van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook ons Here gekruisig is.

Nie-begrawe is simbool van vernedering, spot, mens-onwaardige behandeling.

4. Waarom geen verassing?

Die Skrifgegewens op sigself is genoegsaam om verassing as 'n daad teen God se wil af te keur, en sodanig te bestry. Die verbranding van die liggaam is die bediening van die oordeel van God oor die liggaam. Dit kom geen mens toe om daardie oordeel aan 'n ander mens se liggaam te bedien nie. Dit is slegs Jesus Christus wat dit by die oordeelsdag aan sy vyande mag doen. Dit kom alleen God toe.

Dit is verder nodig om argumente ten gunste van verassing te weerlê.

Finansieel

- ❖ Inderdaad is begrawe duurder as veras. Maar is dit genoegsame rede om die regte te laat staan en die verkeerde te doen? Weeg geld swaarder as 'n beginsel?

Higiëne

- ❖ Moontlike aardvergiftiging word streng deur owerhede gekontroleer.

Omgewing

- ❖ Inderdaad is ruimte vir begraafplase 'n faktor. Vraag: waarvoor word wel ruimte geskep, en waarvoor nie? Wat van grafte waarin mense regop begrawe kan word?

Emosioneel

- ❖ Emosionele oorwegings moet aan die Skrif gemeet word. Die proses van sterwe en ontbinding is altyd erg. Dood is die laaste vyand (1 Korintiërs 15:26). 'n Mens kan die ergheid daarvan nie verdoesel nie.

Geloofsoortuiging

- ❖ 'Stof tot stof' is nie die volle prentjie nie. Dis OT taal. Die NT praat van 'n korrel wat uitspruit en 'n koringplant word.
- ❖ Die Feniks-sage na aanleiding van Job 29:18 is 'n gevaarlike fantasie. Die Feniks is suiwer heidense verbeeldingsvlug wat met die regte verstaan van Job 29 niks te doen het nie.

Ander motiewe

- ❖ Ondeurdagtheid: ons net nog nooit gedink of verassing reg of verkeerd is nie. Antwoord: Begin dink en onderskei!
- ❖ Pragmatisme: wat werk die beste, vinnigste, maklikste. Antwoord: Beginselvaste denke.
- ❖ Veiligheid: begraafplase het gevaarlik geword. Antwoord: veiligheid is oral 'n faktor. Owerhede sit reeds maatreëls in plek.

- ❖ Logika: na 'n bepaalde tyd word ou grafte opgeruim. Die menslike reste wat dan nog aanwesig is, word bymekaargemaak en in 'n gemeenskaplike gat gegooi of verbrand. Aangesien verbranding in die meeste gevalle tog die uiteindelijke resultaat is, is dit baie beter om liever 'n kort pad na die verbranding deur middel van lykverbranding te neem. Antwoord: as ou grafte opgeruim word, sien owerhede met groot sorg toe dat enige reste wat nog oorgebly het, opnuut begrawe word.

5. Waarom wel begrawe?

Tussen die afsterwe, begrafnis en salige opstanding van God se kinders is daar 'n duidelike samehang en 'n lyn van vooruitgang.

Gelowig sterf

Waar is ons dooies as hulle in geloof sterf? Die Skrif maak onder andere die volgende bekend:

- Tot die vadere vergader - Genesis 25:8
- In die doderyk - dood as mag, 'n ryk met 'n onversadigbare karakter (Spreuke 30:15)
- In die hemel - die troonsaal van God
- Direk by en met Christus - vergelyk Sondag 22 Heidelbergse Kategismus
- By Abraham - arme Lasarus (Lukas 16)
- In die Paradys – Christus se kruiswoord aan die bekeerde misdadiger
- In die Vaderhuis - Johannes 14

Dienooreenkomstig: gelowig begrawe

- Begrafnis anker in Christus. Deur die begrafnis word aangetoon dat Hy werklik dood was, maar deur die opstanding word getoon dat die dood Hom nie kon vashou nie.
- Lede van Christus. 1 Korintiërs 6:14-15 - 'En God het die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie?' Die dooie liggaam, wat begrawe is, is ook bedoel om steeds deel te wees van die liggaam van Christus.
- Begrafnis wag vir vervulling van beloftes. Deur 'n begrafnis getuig 'n gelowige dat daar opstanding wag wat in Christus vir hom of haar liggaamlik belowe is. Tent en tempel. 2 Korintiërs 5 - nou het ons 'n tentwoning wat afgebreek word, eendag kry ons 'n gebou deur God Self opgerig.
- Die afgestorwe liggaam is geen oorskot, kadawer of leë dop nie. 1 Korintiërs 15:39 - Die Here openbaar dat die liggaam van die mens vir Hom anders in waarde is as byvoorbeeld die liggame van diere.

6. Om in geloof te begrawe

Artikel 65: Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.

Sinode 1952 het oor die toenemende gebruik van lykverbranding in ons land besluit.

- Die Sinode merk met leedwese op dat lykverbranding toeneem en is van oortuiging dat dit nie moet nagevolg word deur ons lidmate nie en wil daarteen waarsku omdat dit van heidense oorsprong is en in stryd is met die eeue-oue gebruik van begrafnis soos dit voorkom in die Ou en Nuwe Testament.
- Verder kan die Christelike kerk hom nie met lykverbranding verenig nie, want met die skyn-argument dat dit om gesondheidsredes gedoen word, skuil agter lykverbranding 'n materialistiese wêreldbeskouing. Vir die Christen met sy geloof aan die opstanding het

die begrafnis die simboliese betekenis dat die liggaam aan die aarde toevertrou word as 'n graankorrel wat eers sterf om later heerliker te voorskyn te kom (Acta 1933:117 en 122; vgl. ook Acta 1952:208, pt. 1 en 1952:216, pt. 1),

7. ... En as iemand vereis om veras te word?

As iemand in sy testament sê dat hy veras wil word, wat dan?

7.1 Die optrede van die naasbestaandes

Vraag: is alle dele van 'n testament bindend? Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense. Dit is belangrik dat, al staan dit in 'n testament wat die laaste wil van die oorledene is, die agtergeblewenes in die lig van God se Woord finaal besluit wat hulle te doen staan.

7.2 Die optrede van die predikant

Onderskei tussen troosdiens en daad van verassing. Die predikant kan oorweeg om 'n troosdiens te hou, sonder dat hy daardeur die daad van verassing goedkeur.

7.3 Die optrede van familie, medegelowiges en vriende

Gerigtheid op troos uit die Woord en vertroosting van agtergeblewenes. Die troosdiens is geen laaste afskeid of laaste eerbetoon nie. Dit is soos die woord sê: troos-diens. Die wat agterbly moet vanuit die Woord getroos word.

8. Stellings

- ❑ Om eervol te begrawe is die Skriftuurlik normale, gebruikelike wyse waarop gelowiges met hulle afgestorwe medegelowiges se ontslape liggame werk.
- ❑ Lykverbranding dui in die Skrif deurgaans op God se toorn en oordeel oor die sonde en is 'n heenwysing na die ewige oordeel in die hel. Die oorsprong van lykverbranding word na die heidenvolke teruggevoer, en kan op geen manier met die christelike geloof versoen word nie.
- ❑ Slegs in uitsonderlike gevalle (oorlog-situasie, martelare op brandstapels, vuurrampe) is daar van lykverbranding sprake wat nie op God se toorn oor die sonde wys nie.
- ❑ Die Seun van God is die grond van ons hoop op 'n salige opstanding. Hierdie belangrike geloofswaarheid is van die begin af deur die Christelike Kerke besef. Daarom het die kerke hulle steeds met die grootste beslistheid teen die heidense lykverbrandingspraktyke verset.
- ❑ Van begrafnis gaan 'n kragtige getuienis insake die christelike geloof in die opstanding van die liggaam ooreenkomstig 1 Korintiërs 15 uit.
- ❑ Waar heidenvolke wat aan verassing gewoond was deur sending gekersten word, word verassing meestal deur begrafnis vervang. Lykverbranding op grond van talle menslike argumente is 'n teken van 'n terugval in die praktiese heidendom, 'n voortgaande ontkerstening en deformasie.
- ❑ Die kerk van Christus moet - teen die tydsgees en alle menslike redenasies in - die daad van begrawe as Skriftuurlike eis van God kragtig en onbeskaamd verkondig en gelowiges daartoe oproep om die betekenis daarvan hulle eie te maak en aan ander oor te dra.

Enkele bronne

- Ds P Lok: *Graf of Oven*. De Vuurbaak, Groningen.
- Dr A Lindhout: Verassing in die lig van die Bybel. Die dokument bevat 'n volledige bronnelys. Dit kan by www.enigstetroos.org/Kremasiealindhout.htm bekom word. Die gedrukte (hersiene) weergawe is beskikbaar by Folmer Boekhandel 012 333 8064. E-pos: dieboekuitgewers@mweb.co.za
- Toeligting gehou deur dr ALA Buys van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord op 12 Junie 2005. E-pos: wikus.buys@aros.ac.za
- Ds H Hefer: Begrafnis of Liggaamsverbranding. Jeremia Uitgewers. E-pos: jeremia.uit@gmail.com
- Prof JM Boon. Die geskiedenis van begrawe en kremasie van die menslike liggaam. In *Waarheid en Dwaling*, jaargang 5 nr 10, Okt 1999:8-10; jaargang 5 nr 11, Nov/Des 1999:17-18; jaargang 6 nr 1, Jan 2000:10-11.
- Handeling van die Sinodes GKSA 1933, 1952, 1964 en 1967.

KREMASIE IN DIE LIG VAN DIE BYBEL

Ds. A. Lindhout

1. INLEIDING EN HISTORIESE AGTERGROND

Die ou tyd

Dit kan nie ontken word nie dat lykverbranding tot die oudste gebruike in die menslike geskiedenis behoort. Primitiewe volke en stamme het die gebruik reeds geken en ... beoefen.

Lykverbranding was egter nie die oorspronklike metode wat by die ou volke in Asië, Afrika, Europa en Amerika die toon aangegee het nie. Die Hetiete en die Egiptenare het byvoorbeeld die gewoonte gehad om hulle dooies te begrawe.

Mettertyd het egter by baie volke die gewoonte ontstaan om hulle dooies te verbrand.

Die agtergrond van die gebruik in die ou tyd was vermoedelik die wens om só radikaal van die dooies ontslae te raak dat hulle vir die naasbestaendes geen gevaar meer kon oplewer nie. Hier het die angsmotief by hulle wat nog in lewe was, dus 'n duidelike rol gespeel.

In Griekeland bestaan die metode van lykverbranding reeds sedert die Trojaanse oorlog. Op 'n later stadium het daar onder invloed van sekere wysgerige strominge en skole die gedagte bestaan dat totale vernietiging van die liggaam 'n meer volkome bevryding van die siel veroorsaak. Die Romeine ken lykverbranding sedert die dae van die konings. Tot die dae van Karel die Grote was hierdie gebruik ook in Europa in swang terwyl 'n groot aantal volke lykverbranding tot kort voor die Hervorming van die 16de eeu gehandhaaf het. Onder die Brahmane en Boeddhiste in Indië was en is dit 'n baie ou gebruik wat met sekere godsdienstige gebruike gepaard gaan.

Die Christendom daarenteen wou van die begin af van lykverbranding nie weet nie. Dientengevolge is steeds begrafnis bepleit. Die diepe vernedering wat die begrafnis van 'n oorlede inhou, is wel deur die Christendom raakgesien, maar die treffende simboliek van die koringkorrel wat gesaai word en wat moet sterf om iets nuuts te kan voortbring, het tog swaarder geweeg.

Die moderne tyd

Van die begin van die 17de eeu sien ons 'n kragtige herlewing van die ou, heidense kremasie-gebruike.

- In 1628 het daar in Engeland van die hand van Sir Thomas Brown 'n boek oor lykverbranding verskyn onder die titel *Hydriotaphia or Urnburial*. Hierdie boek is in 1817 gevolg deur 'n boek van die hand van 'n sekere Dr. Jamieson, getitel *The Origin of Cremation*. Hierna het die gebruik van lykverbranding 'n sterk voorstander gekry in die persoon van Dr. Lord van Hampstead waarna Sir H. Thompson in 1874 die "Cremation Society of London" gestig het.
- Gedurende die jare 1864-1874 het lykverbranding in Italië begin veld wen, terwyl as gevolg van die Frans-Duitse Oorlog (1870) hierdie kwessie ook in Switserland sterk aandag gekry het.
- Ook in Nederland het hierdie nuwe idees vinnig veld gewen en reeds in 1875 is 'n vereniging opgerig met as doel die bevordering en uitvoering van lykverbranding. In 1907 is die eerste krematorium in Nederland gebou maar dit het nog tot 1914 geduur voordat dit die eerste keer gebruik is. In 1954 het die aantal lykverbrandinge in Nederland egter reeds gestyg tot 2221. In 1971 was daar in Nederland reeds 9 krematoriums terwyl die getal persone wat gedurende dié jaar veras is, 17942 bedra het. Om aan die steeds toenemende vraag na lykverbranding te kan voldoen, moet daar voor 1990 nog 31 krematoriums bygebou word. Teen dié tyd sal 50 persent van alle oorledenes verbrand word.
- In Rusland is die eerste krematorium reeds in 1928 opgerig. Die hoë regeringsamptenaar wat ter geleentheid van die opening die rede gelewer het, het daarin onder andere gesê dat die krematorium opgerig is as 'n nuwe protes teen die Christelike godsdiens. Verder het hy in sy toespraak die Russiese volk aangemoedig om hulle dooies te laat verbrand as 'n duidelike bewys dat hulle gebreek het met die Christelike geloof aan die opstanding van die dode.
- Wat Suid-Afrika betref, kan vermeld word dat die eerste krematorium in 1918 in Johannesburg opgerig is. Hierdie gebou is oorspronklik gebou op inisiatief van die Hindoes hoewel blankes ook toestemming verkry het om dit te gebruik. Gedurende die jare na 1918 is krematoriums opgerig in verskillende belangrike sentrums van ons land sodat hulle tans ook aangetref word op die Kaapse Skiereiland, in Pretoria, Brakpan, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Durban, ens.

Soos ons hierbo reeds gesien het, wou die Christendom van die begin af nie van lykverbranding weet nie. Die belangrikste rede waarom Christene oor die hele wêreld hulle nog steeds heftig teen lykverbranding verset, is veral omdat laasgenoemde gebruik hom keer teen 'n waardevolle, Skrifgebonde, Christelike begrafnistradisie.

2. ENKELE VAN DIE BELANGRIKSTE ARGUMENTE WAT MEESTAL DEUR VOORSTANDERS VAN LYKVERBRANDING GEBRUIK WORD

Die argumente wat hieronder volg, is hoofsaaklik ontleen aan die boekie van Donald K. Smith *Why not Cremation?* Uit die boekie blyk duidelik dat die skrywer - wat 'n Amerikaner is - 'n sterk humanistiese agtergrond het. Bowendien moet die boekie gelees word teen die agtergrond van die klipharde Amerikaanse Pragmatisme. As ons dit in gedagte hou, sal ons die gedagtegang van die skrywer beter verstaan. Sommige van die argumente klink in ons

ore belaglik, maar vir Smith is hulle tog van die grootste belang.

Sy argumente is veral die volgende:

1. Elke graf neem die plek in van grond wat vir landboudoeleindes gebruik kan word. In verband met die toenemende wêreldbevolking en die voedseltekorte wat daarmee saamgaan, is dit onverantwoordelik om só baie grond vir begraafplase te reserveer.
2. Graftes word nie vir 'n onbepaalde tyd in hulle oorspronklike toestand gelaat nie. Na vyftien of twintig jaar word hulle opgeruim. Die menslike reste wat dan nog aanwesig is, word bymekaargemaak en in 'n gemeenskaplike gat gegooi of verbrand. Aangesien verbranding in die meeste gevalle tog die uiteindelijke resultaat is, is dit baie beter om liever 'n kort pad na die verbranding deur middel van lykverbranding, te neem.
3. Lykverbranding is baie goedkoper as 'n begrafnis. Dit is ook goedkoper as geboorte. Waarom moet dit duurder wees om die lewe te verlaat as om dit binne te kom? Ons sou gril as iemand 'n televisie-apparaat van R1000.00 in 'n gat sou laat sak en met grond sou toegooi. Maar as 'n oorledene in 'n gat laat sak en met grond toegegooi word, is ons bereid om die bedrag dubbel te betaal. Bowendien weet die oorledene tog nie wat daar vir sy begrafnis betaal word nie. Hy gee ook nie om nie. Hoekom dan so baie bestee?
4. Lykverbranding gaan vinnig. Jy spaar tyd. Om die liggaam van 'n dooie tot ongeveer ses pond as te verminder, neem slegs enkele ure. Na 'n begrafnis neem hierdie proses jare of - afhanklik van die plek waar begrawe word - eeue.
5. Lykverbranding is die mees direkte en snelle verwesenliking van Gen. 3: 19b. (Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer).
6. As jou as verstrooi word, keer jy onmiddellik terug tot die aarde waaruit jy geneem is. Op die wyse dra jy dan ook nog by tot die vrugbaarheid en die groei van die plantewêreld, omdat jou liggaam saamgestel is uit dieselfde elemente wat ook in die aarde aangetref word.
7. Lykverbranding is skoner as 'n begrafnis. Uit higiëniese oogpunt verdien dit dus aanbeveling.
8. Die gevaar bestaan dat jy lewendig begrawe word.

3. 'N KORT BEOORDELING VAN DIE VOORGAANDE ARGUMENTE

Wat sal ons nou van hierdie dinge sê? Met die eerste oogopslag lyk dit tog asof daar baie waarheid in die beweringe van Smith steek. Sommige van sy argumente spreek ons selfs aan. Laat ons hulle dus van nader beskou.

*** By Nr. 1**

Hierdie argument handel oor 'n baie praktiese probleem. Dit is inderdaad so dat die toenemende wêreldbevolking die gevaar van verhongering van sekere bevolkingsgroepe insluit. Maar is dit nou 'n argument ten gunste van lykverbranding? Ek glo nie.

Die grond wat beskikbaar kom as alle begraafplase opgeruim word en vervang word deur sogenaamde "tuine van herinnering" wat minder plek inneem, kan wel vir landboudoeleindes gebruik word, maar dit los die probleem van die wêreldwye voedselvoorsiening nie op nie. Want die voedseltekorte wat dreig, is nie die gevolg van te min beskikbare grond nie, maar van verkeerde benutting van die grond wat wel beskikbaar

is. Indien die mens sou leer om sy kultuuroopdrag van Gen. 1: 28 reg uit te voer, sou die probleme op 'n einde wees. Smith se argument is nie baie sterk nie, terwyl tewens die gevaar van gebrek aan grond vir die aanlê van kerkhowe in ons uitgestrekte land denkbeeldig is.

*** By Nr. 2**

Hierdie stelling van Smith is waar. Grafte word na 'n bepaalde tyd opgeruim om plek te maak vir ander graf te. Menslike reste wat dan nog in die ou graf te aanwesig is, word in die meeste gevalle verbrand. Maar dit beteken nog nie 'n regverdiging van lykverbranding nie. Want die liggaam is 'n saad. Dit sterf in die grond sodat iets nuuts daaruit kan voortkom. En wat sien ons nou hier? Presies dieselfde wat ons sien as ons mielies plant. Die mieliepit sterf in die grond. Dan kom daar 'n nuwe mielie uit voort. Maar die ou pit word nie heeltemal vernietig nie. Baie klein gedeeltes van die membraan byvoorbeeld bly in die aarde agter. Maar tog het die mieliepit dan aan sy doel voldoen. So is dit ook met die menslike liggaam. Dit verteer en vergaan, maar klein dele, soos stukke van die bene bly oor omdat hulle óf baie stadig óf glad nie verteer nie. Maar dit beteken nie dat die liggaam dan nie aan sy doel naamlik om 'n saad te wees, voldoen het nie. Die kwessie van die liggaam wat 'n saad is, sal verder op in hierdie studiestuk weer ter sprake kom. Die bostaande word tans slegs gesê om aan te toon dat Smith se argument op hierdie punt beslis geen vrybrief vir lykverbranding beteken nie.

*** By Nr. 3**

Hierdie argument is ook waar. Maar Smith se bewysvoering kan nie staan nie. 'n Televisieapparaat kan nie vergelyk word met die liggaam van 'n dierbare oorledene nie. In hierdie argument is dit nie die mens met sy gevoelens wat spreek nie, maar die dooie Mammon.

Smith kom hier dus met 'n valse probleemstelling na vore. Ons is bereid om vir 'n begrafnis te betaal - dikwels baie te betaal - uit piëteit vir die oorledene. Want dit is nie sommer 'n dooie liggaam wat in 'n gat laat sak en met grond toegegooi word nie, maar 'n skepsel van God wat na sy laaste aardse rusplek gebring word. En hierdie skepsel het 'n ewigheidsbestemming, wat die bestemming ookal mag wees. Dit gaan ook nie daarom dat die oorledene weet wat daar vir sy begrafnis betaal word of dat hy wel of nie omgee nie. Dit het niks met die saak te doen nie.

*** By Nr. 4**

Dit is myns insiens 'n belaglike argument. Vir 'n oorledene is die aardse tyd nie meer belangrik nie. Dit maak aan hom geen saak of die proses van die ontbinding van sy liggaam drie jaar of drie eeue duur nie. Die naasbestaandes spaar ook nie tyd nie. Die plegtighede wat met 'n lykverbranding gepaard gaan, is ongeveer ewe lank as die wat met 'n begrafnis plaasvind.

*** By Nr. 5**

Hierdie argument is myns insiens 'n argumentum e silentio. Dit is waar dat 'n deel van die oordeel van God na die sondeval is dat die mens na sy dood sal terugkeer tot die aarde waaruit hy geneem is. Maar in Gen. 3: 19b gaan dit om die "dat" van die terugkeer, nie om die "hoe" nie. Dat God nie gesê het dat die terugkeer na die aarde deur middel van 'n

begrafnis moet plaasvind nie, beteken nie dat ons daaruit mag aflei dat dit wel deur middel van lykverbranding mag geskied nie.

*** By Nr. 6**

Hierdie argument lyk baie waar te wees. Ek is nie voldoende op die hoogte van die chemiese en skeikundige samestelling van die menslike liggaam om te kan sê of die stelling van Smith waar of vals is nie. Maar een ding weet ek wel, naamlik dat die mens nie op die aarde geplaas is om dit met sy eie liggaam te bevrug nie. Die kultuuroopdrag van Gen. 1 :28 sê dat die mens die aarde moet onderwerp en dat hy daarvoor moet heers. Daar word nie gesê dat die mens homself aan die aarde moet onderwerp, sodat dit tot groter bloei kan kom nie. Ons slotsom is dus dat ook die sesde argument van Smith geen argument ten gunste van lykverbranding kan wees nie.

*** By Nr. 7**

Hierdie argument is beslis nie waar nie. Bronne in die onmiddellike nabyheid van begraafplase is ondersoek en geen skadelike bestanddele is gevind nie. 'n Ondersoek van bronwater wat op die Andreas-begraafplaas te Hannover, Wes-Duitsland aangetref is, is ook ondersoek en daarby is die belangrike ontdekking gedoen dat dié water suiwerder is as die water wat aangetref is in bronne wat buite die begraafplaas geleë is. 'n Begraafplaas wat goed aangelê is, beteken dus beslis geen gevaar vir die volksgesondheid nie.

*** By Nr. 8**

Hierdie argument word meestal na vore gebring in verband met die sogenaamde "skyndood" waarin 'n mens kan raak. Die voorstanders van lykverbranding sê dan dat as jy begrawe word terwyl jy "skyndood" is, dit 'n vreeslike ervaring moet wees om ses voet onder die grond in 'n doodkis wakker te word in die besef dat daar geen enkele moontlikheid is om aan die verskrikking 'n einde te maak nie. Nog afgesien van die feit of daar so iets soos "skyndood" bestaan (wat deur medici sterk betwyfel word), ontstaan die vraag of dit nie net so verskriklik is om tydens 'n kremasie in 'n oond met 'n temperatuur van 1000oC. uit 'n skyndood wakker te word nie.

Samevattend kan daar teen die agt argumente ten gunste van lykverbranding ook nog 'n juridiese argument teen lykverbranding ingebring word. As daar by iemand se dood die vermoede rys dat hy vermoor is, kan dit na die begrafnis dalk nog vasgestel word. Dit geld byvoorbeeld veral in gevalle van vergiftiging. In 'n geval van lykverbranding is dit egter buite die kwessie dat 'n gewelddadige dood agterna vasgestel kan word.

Ons het nou die verskillende argumente van Smith nader ondersoek. Ek glo wel dat ons tot die slotsom gekom het dat sy argumente ten gunste van lykverbranding nie baie swaar weeg nie.

Maar ... dit is nie genoeg nie. Want al wat ons hieruit kan aflei, is dat ons lykverbranding op grond van menslike argumente met vrymoedigheid mag afwys. Maar vir 'n gelowige mag menslike argumente nooit die swaarste weeg nie. Die sterkste argument bly vir die gelowige nog altyd die Skrif. Laat ons dus sien of ons in die Skrif iets kan vind op grond waarvan ons lykverbranding met vrymoedigheid kan afwys.

4. 'N KORT OORSIG VAN DIE OU TESTAMENTIESE GEGEWENS

In Israel was lykverbranding bekend, maar die dooies is begrawe. Dit kom in talryke Skrifplekke duidelik na vore. Abraham, Isak en Jakob, die vroue van die aartsvaders, Josef ens. word almal begrawe.

Die begrafnis van geliefdes vind in die Ou Testament plaas as 'n bewys van besondere piëteit. Ons dink hier byvoorbeeld aan die besondere sorg wat Abraham aan die begrafnis van sy vrou Sara bestee het. Hy was selfs bereid om vir die spelonk waarin sy begrawe is 'n buitensporige hoë prys te betaal.

Aan familiegrafte is in Israel veel waarde geheg. Bekend is hier die geval van Abraham wat in sy eie spelonk by Sara begrawe wou word. Maar ons dink hier ook aan Jakob en sy woorde in Gen. 49:29-31, waarin hy die wens te kenne gee dat hy op dieselfde plek as sy stamvaders en stammoeders begrawe wil word. In dieselfde lyn lê die geval van Josef wat ten spyte van sy hoë posisie aan die Egiptiese hof tog in die land van sy vaders begrawe wou word.

Hoewel die begrafnis in die Ou Testament dus 'n baie vooraanstaande plek inneem, word daar tog ook van verbranding gepraat. Ons noem 'n paar voorbeelde.

- Lev. 20: 14 "En as 'n man 'n vrou en haar moeder neem, is dit 'n skandelige daad; hulle moet hom en dié twee met vuur verbrand: daar mag geen bloedskanie onder julle wees nie".
- Lev. 21:9 "En as die dogter van 'n priester haar ontheilig om te hoereer, ontheilig sy haar vader; met vuur moet sy verbrand word".
- Jos. 7:25 "En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort! Daarop het die hele Israel hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi".

Hierdie drie tekste spreek vir hulleself. In al drie gevalle is verbranding 'n ernstige verswaring van die doodstraf. Die meeste uitleggers stem wel ooreen dat hierdie mense nie deur vuur om die lewe gebring is nie. Hulle is (waarskynlik) gestenig. Daarna is hulle lyke verbrand.

- 1 Sam. 31: 12 "... en hulle het die lyk van Saul en die lyke van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal en by Jabes gekom en hulle daar verbrand".

Vir hierdie handelwyse het waarskynlik 'n goeie rede bestaan, naamlik om te voorkom dat die lyke nog verder deur die Filistyne vermink sou word.

- Amos 6: 10 "En wanneer iemand se bloedverwant, die een wat hom wil verbrand, hom optel om die bene uit die huis te verwyder..."

Hier is sprake van lykverbranding wat ook met 'n besondere doel plaasvind. Ons het in hierdie hoofstuk te doen met oordeelsprediking oor die Tienstammeryk. Daar word gespreek oor 'n stad wat beleër word. Die stad is waarskynlik Samaria. Die aantal lyke sal oorstelpend groot wees. Dit is goed moontlik dat in die omstandighede die begraafplaas - wat in die nabye Ooste altyd buite die stad geleë was - nie bereik kon word nie. Hieruit mag ons aflei dat lykverbranding in dié omstandig-hede 'n noodsaak geword het om die uitbreek van aansteeklike siektes te voorkom. Sowel in 1 Sam. 31: 12 as Amos 6: 10 het ons dus met uitsonderlike gevalle te doen.

Daar is in die Skrif ook enkele gevalle waarin nóg van begrawe nóg van verbranding sprake is. Ons noem weer 'n paar voorbeelde:

- 1 Sam. 17:44 "Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom nà my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee".
- 1 Sam. 17:46 "Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het".

Hierdie verse wat 'n deel van die stryd tussen Dawid en Goliath behandel, vertel vir ons dat daar in die geval van die dood van een van die twee nóg 'n begrafnis nóg 'n lykverbranding sal plaasvind. Die lyk van die verloorder sal net so in die veld gelaat word as 'n prooi vir aasvoëls en wilde diere.

- II Kon. 9: 10. "En die honde sal Isébel eet op die dorpsgebied van Jisreël, en daar sal niemand wees wat haar begrawe nie."

Hierdie teks spreek vir homself.

- Ps. 79: 1-3 „'n Psalm van Asaf. O God, heidene het gekom in u erfdeel, hulle het u heilige tempel verontreinig, Jerusalem tot puinhope gemaak. Hulle het die lyke van u knegte aan die voëls van die hemel tot spys gegee, die vlees van u gunsgenote aan die wilde diere van die land. Hulle het hulle bloed rondom Jerusalem soos water uitgiet sonder dat iemand hulle begrawe".

Ook hierdie teksverse spreek vir hulleself.

Uit hierdie gegewens - wat maklik vermeerder kan word - is dit duidelik dat begrawe in die Ou Testament steeds plaasgevind het as 'n daad van piëteitvolle liefde, terwyl verbranding en nie-begrawe-nie steeds 'n besondere strafoefening van God was.

Die allersterkste argument uit die Ou Testament het ons egter nog nie genoem nie. En dit is die feit wat aan ons in Deut. 34:5 en 6 meegedeel word, naamlik dat die lyk van Moses deur die HERE Self begrawe is. Dit is myns insiens seker die duidelikste bewys uit die Ou Testament dat God die begrafnis verkies bo die lykverbranding. Verbranding was bekend - sterker nog: in sekere gevalle was dit self 'n gebod van God - maar in normale gevalle is begrafnis toegepas. God Self bekragtig dit deur die begrafnis van Moses.

Die vraag kan ontstaan of die uitsprake van die Ou Testament as normatiewe uitsprake gesien moet word, met ander woorde of die Ou-Testamentiese begrafnis kan of moet geld as 'n norm vir ons manier van doen vandag.

Hier wil ons weer wys op die begrafnis van Moses omdat die Here Self hom begrawe het. In Deut. 34:6 lees ons: "En Hy het hom (Moses) in die dal in die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe; en niemand het tot vandag toe sy graf geken nie.

Om deur die Here begrawe te word, is reeds 'n unieke gebeurtenis. Maar verder is dit baie merkwaardig dat Judas eeue later na "die liggaam van Moses" verwys. In Judas vers 9 lees ons dat die aartsengel Migael met die duivel in 'n woordstryd was oor die liggaam van Moses. Migael het egter geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het vir die duivel gesê: "Die Here bestraf jou!" Hierdie teks is seker nie een van die maklikste tekste in die Skrif nie, maar gerefor-meerde uitleggers stem oor die algemeen wel saam dat die mededeling van Judas betrekking het op 'n twisgesprek tussen Migael en die duivel waarby die twispunt die liggaam van Moses was.

Baie vrae wat met betrekking tot hierdie moeilike teks gestel kan word, moet onbeantwoord bly omdat die Skrif vir ons geen antwoorde verskaf nie. Een ding is egter baie seker, naamlik dat daar geen twisgesprek sou kon ontstaan het as Moses se lyk verbrand sou gewees het nie. God het in die geval van Moses egter geen kremasie toegepas nie, maar Self begrawe Hy Moses se liggaam.

Op grond van dit alles kan ons slotsom myns insiens slegs wees dat die begrafnis die wens van die Here is. Die begrafnis in die Ou Testament is dus veel meer as 'n aanpassing aan 'n kultuurpatroon wat toevallig in Israel bestaan het. So 'n aanpassing kon moontlik gewees het. Die Here het Hom meer as een keer by bestaande omstandighede, gewoontes en gebruike aangepas. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die taal waarin Hy Homself openbaar. Hy bedien Hom van 'n taal wat deur ons verstaan kan word. Maar van 'n aanpassing aan 'n kultuurpatroon waarvan die begrafnis 'n deel was, kan geen sprake wees nie omdat in die tydperk van Israel se Ou-Testamentiese bestaan die lykverbranding by die volke van die wêreld én in Israel self bekend was en in sommige gevalle ook toegepas is. As God ten gunste van die begrafnis kies, is dit 'n welbewuste keuse, juis omdat die begrafnis nie die enigste bestaande manier was om van 'n dooie liggaam ontslae te raak nie.

Indien dus die vraag gestel word of die uitsprake van die Ou Testament as normatiewe uitsprake gesien moet word, moet die antwoord myns insiens 'n duidelike "ja" wees, omdat God Self deur Sy handelswyse die norm gestel het vir die manier van doen van Sy volk onder die Ou én onder die Nuwe Verbond.

5. 'N KORT OORSIG VAN DIE NUWE-TESTAMENTIESE GEGEWENS

Ook hier wil ons weer begin met 'n paar teksverwysings waaruit duidelik blyk dat daar in die Nuwe Testament steeds van begrawe sprake is en nie van lykverbranding nie.

- Matth. 23: 27 "Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is".
- Matth. 26: 12 "Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis".
- Mark. 6:29 "En toe sy dissipels dit hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en dit in 'n graf neergelê".
- Luk. 16: 23 "En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe".
- Joh. 5: 28 "Moenie julle hieroor verwonder nie, Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor...".
- Joh. 11: 17 "Toe Jesus dan gekom het, het Hy gevind dat hy (Lasarus) al vier dae in die graf was".
- Hand. 5:6 "Daarna het die jongmanne opgestaan en hom (Ananias) toegedraai en uitgedra en begrawe".
- Hand. 5: 10 "Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar (Saffira) dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe".
- Hand. 8:2 "En godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe".

Uit die bostaande voorbeelde - wat gemaklik met ander vermeerder kan word - blyk dit duidelik dat ook in die Nuwe Testament die begrafnis gewoonte was. Hiermee is die Nuwe Testament heeltemal in lyn met die Ou Testament. Die gevalle van verbranding en van nie-begrawe-nie wat soms in die Ou Testament nog gekry het, is in die Nuwe Testament afwesig.

Daar is egter een uitsondering. Hierdie uitsondering gaan oor 'n geval van nie-begrawe-nie. Ons tref dit aan in Matth. 8:18-22. Dit gaan daar oor 'n man wat Jesus wil volg maar wat toestemming vra om eers sy vader te gaan begrawe. Die antwoord van Jesus op hierdie versoek is egter: "Volg My, en laat die dooies hul eie dooies begrawe". Die versoek van die man is heeltemal billik, want dit was sy heilige plig om sy vader te begrawe. Tog wys Jesus hierdie versoek af omdat die laere plig moet wyk vir die hoëre. Om die Woord te verkondig is 'n beter werk as om die dooies te begrawe. Die dooies word aan die "dooies" oorgelaat, dit wil sê aan hulle wat geen enkele belangstelling het vir die Koninkryk van God nie; hulle dus by wie dit aan elke vorm van egte geestelike lewe ontbreek.

Ons sien dus dat die Nuwe Testament baie aandag aan begrawe bestee. Van verbranding is nie een enkele keer sprake nie. Dit is wel so dat die Nuwe Testament die oond ken. Die woord word egter gebruik in 'n baie besondere betekenis wat nie in die gedagtegang van die moderne lykverbran-dingspraktyke tuishoort nie. Ons gee weer 'n paar voorbeelde:

- Matth. 6:30 "As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en more in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges!"

Hierdie teks is 'n deel van die onderwys van Jesus aan sy dissipels.

- Matth. 13:42 "...en sal hulle in die vuuroond gooi".

Dieselfde woorde tref ons ook aan in Matth.13:50. Met hierdie vuuroond waar "daar geween sal wees en gekners van die tande" word egter nie die plek bedoel waar die verteringsproses van die menslike liggaam tot 'n kort tydjie ingekort word nie. Hier word bedoel die plek waar God sy gerig oefen oor die ongelowiges.

Soos in die geval van ons kort oorsig uit die Ou Testament het ons ook by ons ondersoek van die Nuwe Testament ons sterkste argument teen lykverbranding vir laaste bewaar. En dit is die feit wat deur al vier Evangeliste baie nadruklik vermeld word, naamlik dat Jesus Christus begrawe is. Ook deur hierdie feit word weer duidelik aangetoon dat God die begrafnis verkies bo die lykverbranding.

Net soos in die geval van die ou-Testamentiese gegewens wil ons ook hier vir 'n paar oomblikke stilstaan by die vraag na die normatiewe; die vraag dus of die begrafnisgebruik in die Nuwe Testament vandag moet dien as norm vir ons manier van doen in hierdie verband.

Soos ons hierbo reeds gesien het, neem "die graf" 'n baie belangrike plek in in die onderwys van Jesus. Met betrekking tot die normatiewe van hierdie onderwys in woord en daad wil ons nou veral aandag gee aan twee sake, naamlik die opstanding van Lasarus en die opstanding van Jesus.

Die dood, begrafnis en opstanding van Lasarus tref ons aan in Joh. 11: 1- 44. In Joh. 11:44 lees ons: "En die oorledene het uitgekome, aan hande en voete met grafdoeke gebind, en sy gesig was toege-draai met 'n doek..."

En dat die opstanding van Lasarus groot gevolge gehad het, lees ons in Joh. 12: 17: "En die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dode opgewek het, het daarvan getuig".

By hierdie groot wonder is dit besonder opvallend dat die opstanding van Lasarus soos Johannes dit beskrywe nooit sou kon plaasgevind het as die lyk van Lasarus verbrand sou gewees het nie. Want Lasarus het uit die graf uitgekom presies soos wat hy daar vier dae tevore ingegaan het. Daar was geen verskil nie. Selfs die grafdoeke was ongeskonde.

Dit alles geld in 'n veel groter mate ook van die begrafnis en opstanding van Jesus Christus. Nie-mand sal ontken dat Jesus se opstanding tog moontlik sou gewees het as hulle sy liggaam direk na sy dood sou verbrand het nie, want by God is álle dinge moontlik. Maar in die geval van verbranding sou sy opstanding nie plaasgevind het soos wat dit op Paasmôre gebeur het nie. Ons sou nie gehad het nie wat ons nou onder andere op verskillende plekke in die Evangelie van Johannes wel het, naamlik die doeke en die hoofdoek van Jesus opgerol op een plek afsonderlik (Joh. 20:6 en 7), die littekens aan Jesus se hande en sy sy (Joh. 20:20) en die ooreenstemming tussen die begrawe liggaam van Jesus en sy opstandingsliggaam (Joh. 20:25-29). Uit Joh. 20:20 en 25-29 blyk dus duidelik die ongeskonde identiteit van Jesus voor en na sy opstanding. Daar kan geen twyfel wees nie. Die Jesus wat opgestaan het, is presies dieselfde Jesus as wat 'n paar dae vroeër begrawe is.

In verband met die vraag na die normatiewe van die Nuwe-Testamentiese gegewens blyk eers dat die Nuwe Testament 'n stap verder gaan as die Ou Testament. In laasgenoemde is slegs sprake van begrawe. In eersgenoemde is sprake van begrawe én opstanding. Maar - en dit moet ons goed raak-sien - dit is nie lykverbranding en opstanding wat aanmekaar gekoppel word nie, maar begrafnis en opstanding.

Vir die behoud van sy Goddelike identiteit voor en na sy opstanding laat Jesus Hom nie verbrand nie, maar begrawe. Die behoud van die identiteit wat by die opstanding van Lasarus reeds so duidelik geblyk het, word by Jesus tot sy hoogtepunt gevoer. Want Lasarus moes na kortere of langere tyd weer sterwe. Maar Jesus nie. Hy het opgestaan uit die graf en leef tot in alle ewigheid (Vgl. Hebr. 13:8). Teen die agtergrond van hierdie gegewens is dit myns insiens baie duidelik dat die Nuwe-Testamentiese norm die begrafnis is en nie die lykverbranding nie.

Wanneer ons nou vir 'n paar oomblikke kyk na die briewe van Paulus, dan sien ons dat hy nie uitdruklik teen die kremasiepraktyke gewaarsku het nie. Tog was hierdie praktyke in die heidense wêreld waarin hy gewerk het, normaal. Voorstanders van kremasie het reeds aangevoer dat die feit dat Paulus nie uitdruklik teen lykverbranding waarsku nie, sou beteken dat hy dit as 'n middelmatige saak beskou het. Dit is egter 'n verkeerde siening. Daar is veel meer heidense gebruike waarteen Paulus nie gewaarsku het nie. Waar hy wél teen gewaarsku het, is dié heidense gebruike wat 'n bedreiging vir die jong gemeentes gevorm het, soos byvoorbeeld die eet van vleis wat aan afgode gewy was. Dit was vir Paulus egter nie nodig om teen lykverbranding te waarsku nie, omdat laasgenoemde gebruik nooit ingang by die jong kerke gevind het nie.

In die verband van dit alles moet ons nou I Kor. 15 nader bestudeer. Dit is die hoofstuk waarin Paulus uitvoerig oor die opstanding van Christus en in samehang daarmee oor die opstanding van die gelowiges handel. Veral verse 35 tot 49 is hier van belang. Maar die groot krag wat lei tot die waarheid van hierdie verse gaan daaraan vooraf. Dié krag vind ons in vers 20:

"Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die Eersteling geword van die wat ontslaap het".

Met hierdie woorde en met wat daar verder volg, toon Paulus aan dat Christus die waarborg is van die salige opstanding van die gelowiges; 'n heilsfeit wat deur die Kerke van Gereformeerde Belydenis ook beklemtoon word in Sondag 17 van die Heidelbergse Kategismus.

Nadat Paulus die "dat" van die opstanding vasgestel het, behandel hy die "hoe" daarvan. Hier gebruik die apostel die voorbeeld van die koringkorrel. Die korrel sterf in die grond sodat dit nuwe lewe kan gee aan die plant wat daaruit ontkiem. Die een kom uit die ander een voort. So is dit ook met die dooies. Die graf is vir die gelowige nie slegs die plek waar die vertering van die liggaam plaasvind nie, maar die plek waar die liggaam gesaai word in oneer, om op God se tyd - as die basuine van die jongste dag weerklink - in heerlijkheid opgewek te word. Paulus gaan met sy beeld van die koringkorrel duidelik uit van die begrafnis en nie van die lykverbranding nie. Soos die koringkorrel in die aarde gelê word, so word ook die liggaam van 'n oorledene in die aarde gelê. En soos wat die koringkorrel in die aarde vergaan, so vergaan ook die liggaam van 'n oorledene. Maar dan ook: soos wat daar uit die koringkorrel wat vergaan het 'n nuwe koringaar voortkom omdat die sterwende korrel die kiem van die lewe in hom dra, so kom daar uit die dooie liggaam wat vergaan 'n nuwe liggaam voort, omdat die gestorwe liggaam die kiem van die nuwe lewe in hom dra.

Hoé dit deur God op die jongste dag gedoen gaan word, weet ons nie. Maar dát Hy dit gaan doen vir elkeen wat deur die geloof in die lyde en sterwe en opstanding van sy Seun aan Hom gebind is, is seker.

In die lig van dit alles is 'n begraafplaas dus eintlik 'n groot saailand, waarin die liggame besig is om te vergaan maar nie om nooit weer op te staan nie. Uit Paulus se uiteensetting omtrent die op-standing van die dode is egter een ding heeltemal duidelik. Sonder die begrafnis bly die hele hoof-stuk I Kor. 15 onbegryplik. Vanuit die standpunt van die voorstanders van lykverbranding kan die diepe simboliek van hierdie hoofstuk nie verstaan word soos dit verstaan moet word nie.

Vanselfsprekend kan ook hier weer verskillende opmerkings gemaak word. Dit is baie duidelik dat dit in I Kor. 15 in die eerste plek gaan om die dode, die ontslapenes en nie in die eerste plek om die graf of die begrafnis nie. Dit is ook nie so dat die graf waaruit Jesus opgestaan het die grond is van ons hoop op 'n salige opstanding nie. Die opgestane Jesus is die grond van ons hoop. Maar ...Jesus staan op uit die graf. En dit is baie betekenisvol. Dit is die groot feit wat die agtergrond vorm van Paulus se woorde in I Kor. 15. Alleen teen die agtergrond kan die diepe simboliek van hierdie hoofstuk verstaan word.

Voorts kan die vraag ontstaan of die Skrif in verband met die begrafnis 'n gebruik beskryf of voor-skrif. Met ander woorde gee die Ou en Nuwe Testament maar net 'n beskrywing van 'n gebruik of is dit die bedoeling dat hierdie gebruik nagevolg moet word omdat begrafnis 'n voorskrif is.

Die opmerking is reeds gemaak dat dit wat die begrafnis betref in die Skrif slegs gaan om die mede-deling van 'n kultuurgewoonte. Die herhaaldelike vermelding van die begrafnis in die Skrif sou dan slegs die beskrywing wees van 'n gebruik en die beskrywing sou geen voorskrif inhou vir ons van-dag nie. Myns insiens is hierdie siening verkeerd omdat dit nie voldoende rekening hou met die besondere karakter van die Skrif nie.

Die Skrif is in die eerste plek **OPENBARING VAN GOD** en nie sommer een of ander boek wat vry-blywend aangeneem of verwerp kan word nie. Maar dit beteken dan ook dat die herhaaldelike beskrywing van en nadruk op die begrafnis in die Skrif nie maar toevallig aan ons gegee is nie. God wil daarmee iets aan ons sê. Moses word nie deur God Self begrawe met daaragter die gedagte dat óns met ons oorledenes kan doen wat ons wil nie. Jesus Christus daal nie af in die graf sodat óns oond toe kan gaan nie.

As ons die begrafnis in die Skrif bloot as die mededeling van 'n kultuurgewoonte sien, kom daar ook ander vrae na vore. Dan kan ons byvoorbeeld vra of ons nie dalk ons hele siening van teraardebe-stelling moet wysig, omdat die hoogtepunt van die opstanding van die vlees, naamlik die opstan-ding van Christus, verby is nie. Ons kan ons ook begin afvra of die "hoe" van die teraardebestelling dalk nie meer soveel saak maak omdat die dood tog oorwin is nie.

Sulke vrae raak egter myns insiens die gesag en die normatiwiteit van die Skrif en derhalwe mag hulle nie gevra word nie. Dit kan die deur oopmaak vir ander veel ingrypende vraagtekens en daarom moet ons daarmee uiters versigtig wees. Ons moet nie wyser wil wees as die Skrif self nie!

6. VOLGENS BEGINSELS VAN DIE CALVINISTIESE MENSBEKOUING

Op grond van die gegewens wat hierbo genoem is, moet ons nou probeer kom tot die bepaling van ons eie standpunt insake die kwessie van begrafnis of kremasie. Hierby kan twee Skriftuurlike beginsels van die Calvinistiese mensbeskouing ons tot groot nut wees.

- **Die mens is geskape volgens die beeld van God** (Gen. 1:26 en 17)

Daarom het God moord en selfmoord verbied (Gen. 9:6). Teneinde die mens met eerbied vir die menslike liggaam te vervul, het God ook die verminking en beskadiging daarvan verbied. (Lev. 19:28. Deut. 14:1). Paulus spreek van die menslike liggaam as van 'n "tempel van die Heilige Gees" (I Kor. 6: 19).

Die Skrif praat dus met groot eerbied van die menslike liggaam, want ook die liggaam is 'n skepping van God. 'n Mens bestaan uit siel én liggaam en dit beteken dat ook die liggaam van die gelowige deel het aan die verlossing in Christus. Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus sê dan ook dat die gelowige met liggaam en siel aan Christus behoort.

Ons liggaam is dus nie ons eiendom nie, maar God s'n. Maar ... wat van God is, moet van God bly. Daarom moet die liggaam na die dood aan God teruggegee word op die wyse wat

die Bybel aan ons leer. Dié wyse is nie die pad van lykverbranding waarby die hele liggaam vermink word nie, maar die pad van begrafnis.

- Voorts moet ons in gedagte hou **dat die intrede van die dood nie sommer 'n natuurlike saak is nie, maar 'n handeling van God**. Slegs God kan heers oor lewe en dood. Slegs Hy wat die mag het om die lewe te gee, het ook die reg om dit weer te neem. Daarom hou sy reg op ons liggaam, wat deur Hom gemaak is, ook nie op wanneer die dood intree nie. Maar dit beteken dan ook dat die liggaam van 'n oorledene volgens die wil van God behandel moet word. Derhalwe moet dit aan die aarde toevertrou word en nie aan die oond nie.

Deurdadig 'n oorledene begrawe word, vind die vernietiging van sy liggaam plaas volgens die wil van God. Dit is by kremasie egter nie die geval nie, omdat daarby die proses van vernietiging van die liggaam deur die mens self ter hand geneem word. Dan tree die mens dus op as die heerser oor lewe en dood waarby uitgegaan word van die gedagte dat die liggaam die eiendom van die mens is, ter-wyl dit God se eiendom is.

7. KONKLUSIE

- Ons slotsom in verband met die gegewens wat die Skrif ons bied, is dat begrafnis steeds veronderstel word.
- Daarmee keer die Skrif hom teen lykverbranding.
- Dié gevalle waar die gebruik wel genoem word, is óf straf wat deur God beveel is óf uitsonderlike gevalle.
- Die Seun van God is die grond van ons hoop op 'n salige opstanding. Hierdie belangrike geloofs-waarheid is deur die Christelike Kerk van die begin af besef. Daarom het die Kerk hom steeds met die grootste beslistheid teen die heidense lykverbrandingspraktyke verset. Dat hierdie gebruik tans in sogenaamde Christelike nasies 'n steeds groter plek inneem, stem tot besorgdheid.

Dit is 'n teken van voortgaande ontkerstening en deformatsie.

Verder is dit opvallend dat die toenemende vraag na lykverbranding hand in hand gaan met 'n toe-neming van heidense gebruike tydens die verbrandingsplegtigheid. Die aanwesiges kan byvoor-beeld kies uit 'n breë verskeidenheid musiek op elke gebied. Naas Psalms is daar klassieke en moderne musiek voorhande, terwyl die sogenaamde Negro-Spirituals en Evangelieliedere 'n veel-gevraagde begeleiding by lykverbranding is. Maar dit is nie al nie. Dit gebeur meermale dat ouers 'n kind laat verbrand terwyl die Beatles of 'n ander popgroep een van hulle populêre wysies via geluidsband of plaat ten gehore bring. In Duitsland het Heintje met sy liedjies die krematoriums verower.

Waar hierdie gebruik ook in ons land reeds 'n groot plek inneem, is dit noodsaaklik dat die Skrifgetroue gelowige ernstig tot reformatie oproep. Want die lykverbranding en alles wat daarmee saamhang, is in stryd met die Skrif. Een van die kerngedagtes van die Calvinistiese mensbeskouing, naamlik dat ook die stof die eiendom van God is, gaan verlore.

Dit is wel waar dat die manier waarop van die liggaam van 'n oorledene ontslae geraak word geen struikelblok is vir die opstanding uit die dode nie. Dit geld vir seebegravnisse, vir gevalle waarby die menslike liggaam in so 'n mate vermink is dat daar van 'n begrafnis eintlik geen sprake meer is nie en vir lykverbranding. Daar is mense wat ten gevolge van 'n brand om die lewe gekom het en wat tog sal opstaan om tydens die laaste oordeel op die jongste dag hulle ewigheidsbestemming te bereik. Maar mense wat in 'n brand omkom, verrig nie die

vrywillige, onskriftuurlike daad van lykverbranding nie.

Samevattend kan ons sê dat die proses van ontbinding van die liggaam nie in die hande van mense gelê is nie. Ons mag met die liggaam van 'n oorledene nie willekeurig handel nie. Lykverbranding is nie in ooreenstemming met die Woord van God nie. Dit is heidens en dit bots met die egte Christe-like lewenstyl. Derhalwe wys ons dit onvoorwaardelik af.

8. LITERATUUR

8.1 Algemeen

Brillenburgh Wurth G. Lijkverbranding. In Christelike Encyclopedie Deel IV. Kok, Kampen (2), 1959.

De Bruyn, P.J. Begrafnis of lykverbranding? In Bewaar jou goeie pand. Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1964. p.119-125.

De Klerk, B.J. "Lykverbranding", In Die Almanak van die Geref. Kerk in S.A., 1950, p. 105-113 (ook as pamflet in Engels onder die titel "Cremation" gepubliseer).

Delleman, T.H. Alles nieuw: Over sterven, begraven en opstandingslewen. Wever, Franeker, s.j.

Dijk, K. De Leer der laatste dingen. In Het Dogma der Kerk.Haan. Groningen, 1949.

Dijk, K. De Leer der laatste Dingen. Deel III (De toekomst van Christus). Kok, Kampen, 1953

Francken Joh. Veel vragen, één antwoord. Kok, Kampen, s.j. Jongeling P. Woord en Wandel. Stichting Gereformeerd Gesinsblad, Groningen, 1968

Lategan, D. "Kremasie of Lykverbranding". In Koers in die Krisis III, p.144-156. ♦F.C. S.V., Stellenbosch (Pro Ecclesia-drukkery), 1941.

Lok, P. Graf of Oven. De Vuurbaak, Groningen, s.j. Smith, Donald K. Why not Cremation? Dorrance & Co., Philadelphia. 1970.

Van der Walt, B.J. Graf of askruik? Perspektief in ons J. V.-werk, jrg.3, nr. 3, Maart 1965, p. 215-219.

8.2 Kommentare

De Boor, W. Der erste Brief des Paulus an die Korinther. In Wuppertaler Studienbibel. Broekhaus Verlag, Wuppertal, 1968.

Grosheide, F.W. Paulus' eerste Brief aan de Kerk te Korinthe. In Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kok, Kampen, 1954.

Grosheide, F.W. De eerste Brief aan de Kerk te Korinthe. In Commentaar op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen, 1957.

Pop, F.J. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. In De Prediking van het Nieuwe Testament. Callenbach, Nijkerk, 1971.

'n Lys van reeds gepubliseerde I..B.C.-studiestukke kan gratis by die I.B.C.-kantoor, P.U. Vir C.H.O., Potchefstroom, 2520 (Telefoon: 22112, uitbreiding 418) aangevra word.

Persone wat in die toekoms graag I. B.C.-studiestukke (gratis) wil ontvang, kan hul name en adresse na bogenoemde adres stuur.

ISBN 0 86990 237 7